New Owners & Potjie competition 25.5.2012

Daar slaan ons toe uit in alle glorie op 25 Mei vir H.O.G. Pretoria se nuwe eienaars en Potjie kompetisie (sommer twee groot gedoentes in een) by Swartkops Lugmag Basis.

Nie dat sommige van ons kan potjie maak nie, nee, ons vra die naaste buurman vir ‘n resep en griffel hom neer, koop soveel groente vir die pot dat alles nie eens kan inpas nie en die familie begin lang-lip trek vir die elke aand se oorskiet groente eet in die komende week. Nietemaal, heel parmantig sleep Pretoria se lede hulle potte en koelerbokse na die gewilde jaarlikse kapperjol. So gewild dat onse Monique vir 120 mense moet probeer voer het uit dertien potjies! Was dit nou vir jou ‘n gespoeg en gespartel. Ja die wat weet hulle is slim het potjies die vorige aand gereed gemaak en sommige het gas bottels gebring vir daardie “quick fix” vir ‘n langer kuier om die tafel. Die manne het gebrul as hulle iets nodig het soos nog ‘n bier, water, kole en sagkens-moederlik die potjies versorg tot en met etenstyd.

‘n Lekker lag was dit verseker toe Pepe drie keer moes vuurmaak en die res van die aand almal uitgerook het terwyl Mama hom so amper vuisgeslaan het oor hoe om sy heel eerste potjie te moet aanvat. Never mind die tien liter water wat hy ingegooi het nie, en toe sy geliefde resep aan die brand slaan toe is Mama eers soos ‘n bul wat rooi sien. Hoe diè Out-Cast Pot ‘n wenner was sal niemand ooit weet nie. Nooit gedink ‘n hoendernekkie in Coke kan so vinger lekker smaak nie, Jakes en Michelle het hulself oorskry en ‘n wenplek behaal. Peter De Meyer het op sy tyd ‘n DYNA-mic Medley (Paela) pot liefedevol gepamperlang en persoonlik was dit uiters heerlik. (Net jammer hy wou nie take-aways doen nie). Rainbow chickens het bankrot gespeel, daar was soveel hoender potjies en die wat gemaak het kan maar weer – julle weet hoe! Nou, Norman se pot is klaarblyklik uit die Kaap direk van ‘n wynplaas ingevoer. Daardie bottle rooi het by die liter ingegaan en ons probeer nog uitfigure of dit in die pot of in die glas was want teen prys uitdeling het Norman HOG-Rap begin sing op sy eie beat en in twee tale. (Ja sonder musiek en oor die mike!) Dit was sekerlik goeie rooiwyn want Norman het tweede plek behaal in die kompitisie. Johan Pretorius het ook ‘n wenplek behaal en Pretoria Dealership

het vyfde plek los geslaan (Ronnie het nie genoeg geld aan hom gehad om die beoordeelaars mee om te koop nie, hy dra net plastiek in sy baie dun beursie) .

Gaste het lank en lekker gekuier om die vure, so ‘n gesellige aand hier in die winter. Dit was ‘n jammerte om op te pak maar mens moes seker bietjie toe oog kry voor die lang rit na Blomfontein gereel deur die Ladies of Harley. Bloem se Emoya Spa - Nou daar is nog ‘n storie met ‘n vark in die verhaal….

Angelique Dermit